KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE KOMMERSIëLE BEURSNET OF TREKNET- EN STELNET-VISSERYE : 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET SAAM GELEES WORD MET DIE KONSEP VAN DIE ALGEMENE BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Biologie en brondinamika 4

3. Sektorale profiel 4

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning 5

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 6

6. Tydsduur 6

7. Nuwe inkomelinge 6

8. Evalueringskriteria 7

8.1 Uitsluitingskriteria 7

8.2 Vergelykende balanseringskriteria 9

9. Voorlopige lyste 9

10. Bestuur en mede-bestuur van die netvissery 10

11. Aansoekgelde 10

12. Gebruik van voertuie in die kussone 10

13. Permitvoorwaardes 11

1. Inleiding

Hierdie is ‘n konsepbeleid vir openbare kommentaar oor die toekenning en bestuur van kommersiële treknet- en dryf- of stelnetvisserye soos uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme, Tak: Mariene en Kusbestuur (*die Departement.* (Na hierdie visserye sal ook verwys word as die treknet- en dryfnetvisserye.) Die konsepbeleid moet saamgelees word met die Konsep van die Algemene Beleid vir die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 (*die Algemene Beleid).* ‘n Aparte beleid word vir die KwaZulu-Natalse treknetvissery uitgereik.

Belanghebbende and geaffekteerde partye mag skriftelik kommentaar indien by die Department teen 11 April 2005. Kommentaar wat na die datum ontvang word, sal nie in aanmerking kom nie. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery)Beleid Kommentaar

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die treknet- en dryfnetvisserye uiteen te sit. Min van hierdie oorwegings is nuut. Hulle is in die verlede deur die Departement gebruik by die toekenning van regte. Hierdie beleid vervat sodanige oorwegings.

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings verskyn ook in hierdie konsepbeleid. ‘n Bestuurshandleiding vir die treknet- en dryfnetvisserye sal in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handboek sal in die fynste besonderhede die toepaslike bestuursmetodes en -prosedures vir die vissery uitstippel.

.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is voornemens om artikel 18-magte, om kommersiële visvangregte in die treknet- en dryfnetvisserye toe te ken, ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 ("*die WLMH*") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer

.

2. Biologie en brondinamika

Die treknet- en dryfnetvisserye is Suid-Afrika se oudste kommersiële visserye, en is in die vroeë 1700s en middel 1800s onderskeidelik ingestel. Buiten 'n minimum massagrootte en 'n area beperking wat oorspronklik ontwerp was om konflik tussen treknet- en dryfnetvissers te verminder, was daar geen beheer oor dié vissery voor die vroeë 1970s nie. Sedertdien is albei visserye beperk tot die vang van harders (*Liza richardsonii*) en St Joseph-haaie (*Callorhynchus capensis*), met 'n beperkte byvangstoelae ten opsigte van lynvisspesies. In Valsbaai is regtehouers van die treknetvissery egter by magte om bepaalde lynvisspesies te teiken.

3. Sektorale profiel

Die dryfnet-vissery is beperk tot Yzerfontein en noordwaarts, terwyl die treknet-vissery beperk is tot die weste van Gordonsbaai. Die riviermonding dryfnetvissery (naamlik Olifantsriviermonding) sal oor 'n vyf- tot tien-jaar tydperk uitgefaseer word.

As deel van die bestuurstrategie word die kus en Totale Ontplooide Vangspoging (TOV) onderverdeel in "treknet- en dryfnet-gebiede". Vangspoging word beheer deur beperking van toerusting en visvang met nette word verbied in Mariene Beskermde Gebiede. 'n TOV vir die treknet- en die dryfnetvisserye (aantal nette wat in elke gebied langs die wes- en suidooskus gebruik mag word) word jaarliks op 'n gebiedsgrondslag deur die Minister vasgestel.

Voor die 2001 medium-termyn regtetoekenning proses het die vissery ongeveer 6 000 ton vis per jaar geland, waarvan slegs 1 400 ton op die verpligte maandelikse terugstuurvorm vir vangste gerapporteer is.

'n Oorsig oor meer as 50 persent van die permithouers het aan die lig gebring dat minder as 10 persent hulleself as treknet- of dryfnetvissers beskou, terwyl slegs agt persent *bona fide,* voltydse netvissers was wat meer as 50 persent van hulle inkomste uit hierdie vissery verhaal. Permithouers in die meeste gebiede het teen 'n verlies van tussen R1 900 en R5 500 per jaar opereer, uitgesonderd die dryfnetvissery in Saldanha-Langebaan, waar 50 persent van die operateurs voltydse netvissers was, en ook die treknet-vissery in Valsbaai ,waar 70 persent van die operateurs voltydse netvissers was.

Die hoofspesie wat geteiken word, naamlik die harder, word tans oor-ontgin. Daar is 'n regstreekse negatiewe verband tussen die mate van vangspoging en die status van die voorraad. Die uitvoermark vir die sekondêre teikenspesie, St Joseph-haai, het platgeval, maar daar bestaan 'n moontlikheid van 'n plaaslike mark. Daar is 'n aansienlike lynvis-byvangs wat bestaan uit hoofsaaklik oor-ontginde of ineengestorte spesies. Gevolglik kan bestuur van die netvisbedryf nie losstaande van die lynvisbedryf oorweeg word nie.

Daar bestaan 'n aansienlike onwettige dryfnet-vissery wat hoë-waarde spesies teiken, langs die hele wes-, suid- en ooskus. Onwettige dryfnet-visserye aan die weskus teiken hoofsaaklik galjoen (*Dichistius capensis*) en naak-vlekhaai (*Mustelus mustelus*) in die see, en harders, springer / platkop-harder (*Mugil cephalus*) en elf (*Pomatomus saltatrix*) in riviermondings. Onwettige dryfnet-visserye aan die suid- en ooskus word hoofsaaklik tot riviermondings beperk en teiken onder andere donker kabeljou, (*Argyrosomus japonicus*), kol-knorhaan (*Pomadasys commersonnii*) en 'n reeks harder-spesies.

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning

Voor die hersiening van die TOV en die toekenning van regte in 2001, is hierdie vissery oorontgin met 147 treknet- en 293 dryfnet-permitte uitgereik tussen Port Nolloth aan die weskus, en Nature's Valley aan die suidkus. Daar was verder onderskeidelik 120 en 100 dryfnet-permithouers in die Olifants- en Bergriviermondings. Gevolglik moes vangspogings verminder word tot op vlakke wat die herstel van die hardervoorraad kon bevorder asook die ekonomiese lewensvatbaarheid van ondernemings van die vorige *bona fide* voltydse vissers te verseker. Die TOV is dienooreenkomstig op 58 treknet- en 162 dryfnet-regte vasgestel. In die proses van

medium-termyn regtetoekennings in 2001 is 12 treknet- en 55 kleinnet- (dryfnet-) regte toegeken. ‘n Verdere 58 netvissers het vrystelling gekry om vis te vang..

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die doelwitte om langtermyn regte in die treknet- en dryfnetvisvangbedrywe toe te ken is om:

- Die transformasieprofiel van hierdie sektor te verbeter;
- Regte aan tradisionele treknet- en dryfnetvissers in tradisionele visvanggebiede langs die wes- en suidoos-kus toe te ken;
- Die vissery op ‘n wyse te bestuur wat verseker dat die hoofteikenspesies wat deur trek- en dryfnette gevang word, soos harders en St Joseph-haaie, van die huidige vlakke van oor-ontginning kan herstel;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery te ondersteun; en
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te verseker.

6. Duur van regte

Met inagneming van bogenoemde doelwitte sal die Departement kommersiële visvangregte vir ‘n tydperk van 10 jaar (01 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2015) toeken onderworpe aan gereelde prestasiemeting teenoor voorafbepaalde prestasiekriteria, welke kriteria die bereiking van ooreengekome transformasiedoelwitte sal insluit.

7. Nuwe inkomelinge

Hoewel die treknet- en dryfnetvisserye tans te veel deelnemers het, met baie meer netvissers as nette beskikbaar vir toekenning, mag die Departement ‘n aantal netvissers wat nie presteer het nie, vervang met tradisionele netvissers aan wie nie medium-termyn regte toegeken is nie.

8. Uitsluitingskriteria

Alle aansoeke sal gesif word ingevolge 'n stel "*uitsluitingskriteria ".* Daarna sal die aansoeke gelaai word ingevolge 'n stel "*vergelykende balanseringskriteria".* 'n Afsnypunt of rang sal dan vasgestel word om die suksesvolle aansoekers te selekteer. '

8.1 Uitsluitingskriteria

Buiten die kriteria beskryf in die Algemene Beleid, wat betrekking het op die onbehoorlike indiening van aansoeke en wesenlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) **Vorm van die aansoeker:** Slegs natuurlike persone sal in aanmerking geneem word. Regtehouers wat vantevore in die vorm van juridiese persone (d w s geslote korporasies, trusts of maatskappye) opereer het sal in hulle persoonlike hoedanighede moet aansoek doen, maar sal as *"regtehouers"* beskou word vir die doel van die toekenningsproses..

'n Kernfamilie (wat bestaan uit 'n egpaar, hulle ouers en hulle kinders) sal nie meer as een reg toegeken word nie om monopolieë te vermy asook om toegang tot die visnetbron te vergroot. Daar mag van aansoekers verwag word om hulle verwantskap aan aansoekers in ander kommersiële visserye te verklaar. Indien meer as een lid van 'n huishouding om 'n reg aansoek doen, is dit moontlik dat al die aansoeke van die familie uitgesluit sal word, tensy die aansoekers duidelik en oortuigend kan aantoon dat hulle aparte, klein kommersiële ondernemings gestig het.

(b) **Tradisionele treknet- en dryfnetvissers:** Regte sal net toegeken word aan tradisionele netvissers. Die Departement beskou 'n tradisionele netvisser as iemand wat ten minste al vir die afgelope tien jaar met nette visvang vir 'n bestaan.

(c) **Toegang tot nette:** Aansoekers sal moet bewys dat hulle toegang tot die gepaste nette en bote het om hierdie vissery te bedryf..

(c) **Voldoening:** Aansoekers wat ernstige oortredings van die WLMH of die Regulasies daarby, begaan het, sal uitgesluit word.

(d) **Papierkwota's:** Papierkwota's (soos omskryf in die Algemene Beleid) sal uitgesluit word. Groot groepe identiese of substansieel soortgelyke aansoeke wat deur konsultante of kommersiële visvangmaatskappye en ander entiteite geborg word, sal uitgesluit word as fronte vir papierkwota's, ongeag die meriete van individuele aansoeke. Die onus sal op die aansoeker rus, om voldoende te kan aantoon dat hulle nie fronte vir papierkwota's is nie.

(e) **Nie-gebruik:** Regtehouers wat nie gereeld hulle regte gedurende die medium-termyn tydperk (2002 tot 2004) gebruik het nie, sal uitgesluit word.

(f) **Multi-sektorale betrokkenheid:** Aansoekers wat regte in ander kommersiële visserye hou of wat belange – insluitende aandele en lidmaatskapsbelange – in regtehouers in ander kommersiële visserye het sal uitgesluit word. Aansoekers wat begunstigdes is van trusts wat bestaande regtehouers is, sal uitgesluit word.

(g) **Persoonlike betrokkenheid by die oes van die hulpbron:** Aansoekers moes reeds op 'n voltydse grondslag in treknet- en dryfnet-vissery bedrywig gewees het en gevolglik voorheen aan die bedryf van die besigheid deelgeneem het.

(h) **Afhanklikheid van die bron:** Bestaande regtehouer aansoekers wat tans nie afhanklik is van treknet- en dryfnet-vissery vir ten minste 75 persent van hulle jaarlikse bruto-inkomste nie, sal uitgesluit word. Potensiële nuwe inkomelinge sal hulle historiese afhanklikheid van treknet- en dryfnet-vissery vir hulle bestaan moet aantoon. Aansoekers wat enige inkomste van bronne buite die visvangbedryf verdien (behalwe pensioene en annuïteite) sal uitgesluit word.

(i) **Woonagtig in visvangsone:** Aansoekers wat nie woonagtig is langs die visvangsone waarvoor hulle om regte aansoek, sal uitgesluit word. Aansoekers sal versoek word om aan te toon dat hulle al ten minste vier jaar lank langs die betrokke visvangsone woon . Kommersiële treknet- en dryfnet-visvangregte sal slegs aan inwoners toegeken word wat

langs ‘n visvangsone of -gebied woon. Suksesvolle regtehouers in die treknet- en dryfnet-vissery sal beperk word tot bepaalde visvangsones of –gebiede.

8.2 Vergelykende balanseringskriteria

Aansoekers wat regte hou en potensiële nuwe inkomelinge, sal evalueer word ingevolge die volgende balanseringskriteria, wat gelaai sal word om die sterkte van elk van die aansoeke te bepaal:

(a) **Transformasie:** Om die transformasieprofiel van die treknet- en dryfnet-vissery te verbeter, sal swart aansoekers (wat Swart persone, Kleurlinge en Indiërs insluit) addisionele punte aanteken.

(b) **Werksgeleenthede:** Bestaande regtehouer aansoekers wat kan bewys dat hulle tydelike of permanente werksgeleenthede gedurende die medium-termyn tydperk verskaf het, sal positief evalueer word.

(c) **Historiese betrokkenheid:** Die Departement sal in aanmerking neem die tydperk wat ‘n aansoeker al van die treknet- of dryfnet-vissery vir ‘n bestaan afhanklik was.

(d) **Vangsteprestasie:** Bestaande regtehouer aansoekers sal evalueer word deur hulle vangsteprestasie gedurende die medium-termyn tydperk (2002 tot 2004) in aanmerking te neem.

Nuwe aansoekers moet kan aantoon dat hulle oor die vermoë, kennis en vaardighede beskik om vis te vang deur middel van die gebruik van nette.

(e) **Voldoening:** Geringe oortredings van die WLMH, die regulasies daarby en die permitvoorwaardes, sal gepenaliseer word. Bestaande regtehouer aansoekers wat nie kan aantoon dat hulle voldoen aan aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 97 van 1998, die Wet op die Heffings van Vaardigheidsontwikkeling, 9 van 1999, die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 en die Wet op Vergoeding vir Beroepsbesering en Siektes, 1993 nie, kan gepenaliseer word waar hierdie wette van toepassing is.

9. Voorlopige lyste

Voordat die Departement finaal besluit aan wie regte vir deelname aan die treknet- en dryfnetvisserye toegeken word, sal 'n voorlopige lys van suksesvolle aansoekers uitgereik word. Hierdie voorlopige lys sal na al die vanggebiede gestuur word. Belanghebbende en geaffekteerde partye in hierdie gebiede, kan dan die Departement verwittig of enige persone wat histories deelgeneem het aan die treknet- of dryfnet-vissery, uit die voorlopige lys gelaat is.

10. Bestuur en mede-bestuur van die netvisserye

Die treknet- en dryfnet-visserye sal bestuur word in terme van die ekosisteembenadering tot die bestuur van visserye (EBV). 'n Ekosisteembenadering tot die bestuur van visserye is 'n holistiese en geïntegreerde beleid wat erken dat visvang- en verwante bedrywighede die breë mariene omgewing kan beinvloed.

'n Nuwe Operasionele Bestuursplan vir die vissery sal binne die volgende twee tot drie jaar in werking gestel word. Die Departement is van voorneme om mede-bestuur van die hulpbron te bevorder deur die stelses van TGV- (Territoriale Gebruikersreg-Vissery) weer af te dwing.

11. Aansoekgelde

Aansoekgelde vir hierdie vissery sal nie R500 oorskry nie. Die Departement is tans besig om die koste van die toekenningsproses vir hierdie sektor te bepaal. Die Departement sal regtehouers en belanghebbende partye inlig sodra 'n aansoekfooi vasgestel is.

12. Gebruik van voertuie in die kussone

Menigte treknetvissers het toestemming gevra om voertuie in die kussone te gebruik, sedert die gebruik van ongereguleerde voertuie op strande in 2002 verbied is. In 2004 het die Minister van

Omgewingsake en Toerisme die regulasies wat die gebruik van voertuie in die kussone beheer gewysig (sien www.mcm-deat.gov.za vir die Regulasies en die riglyne van implementering).

Treknetvissers moet by die Adjunk-direkteur-generaal van Mariene en Kusbestuur aansoek doen om ‘n permit om ‘n voertuig in die kussone te gebruik, indien ‘n voertuig benodig word om vis te vang.

Aansoekvorms vir die gebruik van voertuie in die kussone sal beskikbaar gestel word tesame met die aansoekvorms vir kommersiële visvangregte in die treknet- en dryfnet-visserye. Hierdie aansoekvorms is ook beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za.

13. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes van toepassing op hierdie vissery vir die 2005-seisoen word as **Bylae A** aangeheg. Belanghebbende en geaffekteerde partye word uitgenooi om op hierdie permitvoorwaardes kommentaar te lewer.